

PRAKTIESE INLIGTINGSTUK NR 2 OOR 11 JUNIE 2016
ORLANDO-STADION
SING 'N NUWE (SUID-AFRIKA) LIED!

1. AGTERGROND VIR DIE GELEENTHEID

Dit is reeds via die onderskeie kerke se kommunikasiekanale en koerante/tydskrifte aan hulle gemeentes gekommunikeer.

Kerke kan ook van die inligting in die uitnodigingsbrief aan kerkleiers asook die stuk *June 16 forty years on* gebruik maak soos hulle in hulle eie kontekste mag goedvind.

2. PROGRAM VIR DIE DAG

2.1 Die hoofdeel van die program begin stiptelik om **10:00**. **Teenwoordiges word ernstig versoek om teen 09:30 reeds by hulle sitplekke te wees.**

2.2 Die buitelyne van die **hoofdeel van die program** is die volgende:

* *Sing van die Nasionale Lied*

* *Plegtige herinneringsgeleentheid deur veterane van alle groeperinge. Dit sluit oa in die Laaste Saluut, kransleggings, hys van 'n kruis, loslaat van duiwe.*

* *Aanbiddingsgeleentheid wat oa die volgende insluit: Skrifboodskap, boodskappe van versoening en vrede deur al die groepe van 1976, videoboodskap van Aartsbiskop Desmond Tutu, boodskap van die Algemene Sekretaris van die Wêreldraad van Kerke en die lees van 'n plegtige verbintenis deur die jeug van vandag mdo op die toekoms (al 11 tale en gebaretaal).*

* *Lofprysingsgeleentheid en geleentheid vir gesamentlike onderlinge gebed en interaksie.*

* *Wonderlike musiek: die Soweto Gospel Choir en Imilonji KaNtu tree op asook heel moontlik die bekende groep Onbeskaamd.*

2.3 Die hoofdeel van die program word voorafgegaan deur 'n vredesstap vanaf die Madibane Hoërskool na die plek waar Abbey Lebelo dood is. 'n Gedenkplaat gaan onthul word. Voortvloeiend hieruit vind 'n vredesaflosren plaas deur jongmense van alle groepe en rasse wat eindig in die Orlando-stadion. Vier jongmense steek dan ook hier die *Vlam van Versoening* aan. *Die deelnemers aan hierdie voorafgeleentheid is geselekteerde groepe ter wille van logistiek. Hulle sal afsonderlik gekontak word.*

2.4 Die hoofdeel van die program word gevolg deur 'n *program van deelnemende jeugspele op die veld van die stadion, kort vertoonwedstryde en musiek.*

3. LOGISTIEK

3.1 Toegang tot die Orlando-stadion

3.1.1 Twv almal se veiligheid moet die Stad Johannesburg presies weet hoeveel mense die stadion binnegaan. Met die oog daarop moet elkeen in besit van 'n toegangskaartjie wees (gratis!) wat voor die aanvang van die verrigtinge by die stadion by aangewese kiosks beskikbaar is.

3.1.2 Daar gaan sekerlik toue daarvoor wees: wees dus asseblief vroegtydig daar ten einde teen 09:30 by sitplekke te wees.

3.2 Vervoer en parkering

3.2.1 Persone wat per motor kom

Parkeer asseblief by die NASREC-terrein (waar die Randse Paasskou jaarliks plaasvind). Die Stad Johannesburg verskaf busse na die Orlando-stadion en terug.

3.2.2 Persone wat met eie gereëelde busse kom

3.2.2.1 Parkeer asseblief by die NASREC-terrein (waar die Randse Paasskou jaarliks plaasvind). Die Stad Johannesburg verskaf busse na die Orlando-stadion en terug.

3.2.2.2 **Baie belangrik:** Ter wille van goeie beplanning en verkeersreëlings is dit belangrik om te weet hoeveel/watter busse kom. *Kontak asseblief onverwyld vir Twinkie by twinkie@sacc.org.za en 0604606558 om besonderhede deur te gee.*

3.2.3 Groepe wat busvervoer benodig

3.2.3.1 Gemeentes is welkom om hulle vervoerbehoefte aan die SARK se Logistieke Koördineerder Cynthia by ctshaka@zonkeandp.co.za en 0832603336, of Twinkie by twinkie@sacc.org.za en 0604606558 deur te gee. Alles moontlik sal gedoen word om te help.

3.2.3.2 *Indien gemeentes mekaar kan help om saam van busvervoer gebruik te maak, kan dit sake baie vergemaklik.*

3.2.4 Persone wat van die Gautrein gebruik wil maak

3.2.4.1 Dit sal ook moontlik wees om met die Gautrein tot op Parkstasie te ry en vandaar per metrobus na Orlando-stadion. Die bushalte is oorkant die Orlando-stadion.

3.2.4.2 Neem die *Rea Vaya-bus T3 rigting Thokoza Park*. Die Rea Vaya-busse vertrek van oorkant die Gautreinstasie (Parkstasie).

3.2.4.3 Koop 'n kaartjie voor die rit.

3.2.4.4 Die busse loop op Saterdag elke 30 minute. Beplan asseblief trein- en bustye deeglik ten einde betyds te wees.

3.3 Veiligheid

Saamtregangers kan gerus wees dat alle veiligheidsmaatreëls in plek is en dat die gasvrye mense van Soweto ook hiermee sal help.

3.4 Kleredrag

Dit is sekerlik vir elkeen om self te besluit in die lig van die aard van die geleentheid. Die weer van die dag is ook bepalend. Neem in ag dit is winter.

3.5 Ete en drinke

3.5.1 Indien mense hulle eie eet- en drinkgoed wil bring, is hulle welkom. Eie water is gerieflik.

3.5.2 Die Stad Johannesburg wil dit moontlik maak vir plaaslike mense om eet- en drinkgoed te verkoop. Ondersteuning sal uiteraard welkom wees.

4. KOM BIDDEND EN MET VERWAGTING

Eintlik is dit vanselfsprekend, maar dit is goed om mekaar in ons gejaag weer hieraan te herinner. Saamstap met die 40 dae se Pelgrimsreis van Gebed is goeie voorbereiding. Die gebedsgids is elektronies op die webblad van Jerigomure beskikbaar by www.jwipn.com.

5. KOM SAAM MET IEMAND

'n Versoeningsreis gee mens geleentheid om reisgenote in die reis in te nooi. Miskien lê die Here iemand se naam wie jy moet saamnooi op jou hart.

Advertensies vir die geleentheid verskyn hierdie en volgende week in die pers. Die advertensie sal ook aan kerke deurgegee word. Gebruik dit gerus.

31 Mei 2016